

Book Reviews

Boekresensies

'n Onderhoudende familiegeskiedenis

W.A. Cruywagen, *Die Cruywagens van Suid-Afrika 1690-1806*

Kleio, Vanderbijlpark, 2007

423 pp

ISBN 1-868225-18-6

R189.95 (op CD beskikbaar teen R150.00)

Dit is vir die klein, maar baie aktiewe groep historici wat hulle op genealogie, familie- en kultuurgeskiedenis toespits, altyd 'n groot gebeurtenis as daar 'n nuwe boek met hierdie vakrigtings as onderwerp verskyn. As dit dan boonop die gedrukte weergawe van 'n doktorsale proefskrif is wat as rolmodel kan dien van 'n nuwe metodologie waarvolgens genealogie, kultuurgeskiedenis en ander aspekte van die historiografie sinvol geïntegreer kan word, is dit 'n prestasie! Die skrywer het met hierdie proefskrif in 2004 'n doktorsgraad aan die Noordwes-Universiteit behaal.

Cruywagen haal in die inleiding aan: "*The genealogy of every country is determined by the course of history; conversely, the history of a country is elucidated by its genealogy*".¹ Die stamvader, sy seun, kleinseun en twee agterkleinseuns se lewens word in detail in die publikasie bespreek. Die genealogiese inligting oor vyf Cruywagens was seker die makliker deel van die navorsing, want die sewentiende- en agttiende-eeuse stamvaders en hulle nageslagte in Suid-Afrika is reeds gepubliseer. Die skrywer het egter gepoog om die individue en die proses van verandering binne 'n tydruimtelike konteks te bestudeer. Hy het aandag gegee aan die leefwêreld van die Cruywagens en hulle tydgenote, en aan die alledaagse lewensordening met gebruike, gewoontes, tradisies, onderlinge verhoudings, die sosiale stratifikasie van die gemeenskap, die invloed van slawe, en so meer. Om die inligting te kry, het die skrywer elke toepaslike dokument in die Kaapse Argiefbewaarplek nagespoor en elke gepubliseerde bron wat oor hierdie tydperk – 1690 tot 1896 – gaan, vir relevante inligting deurgewerk. Dit word dus nie net 'n familiegeskiedenis nie, maar inderdaad 'n kultuurgeskiedenis van daardie tydperk soos dit die Cruywagens geraak het.

Die stamvader, Jan Meijndertsz Cruywagen, sy tweede vrou Swaantje, en sy seun Jan Meijndertsz (Meendert) se aankoms aan die Kaap in 1690 word in Hoofstuk 2 en 3 bespreek. Jan Cruywagen het as meulenaar in diens van die kompanjie na die Kaap gekom. Reeds in 1692 het hy 'n vryburger geword. As houer van 'n deel van die wynpag, het hy 'n taverne of taphuis bedryf en huisvesting aan besoekers verskaf. Die trauma van verhuising, die seereis, die Kaapse drank- en gasvryheidsbedryf, asook die rol van die vrou wat selde of ooit genoem word, word beskryf. Die Cruywagen stamvader was gou reeds 'n slawebesitter en transaksies in dié verband word genoem sover daar inligting beskikbaar is. Dit het finansiële goed met die Cruywagens gegaan, want op 6 Oktober 1694 kon J.M. Cruywagen 'n erf in Tafelvallei kontant koop! Hy en sy seun het trouens met eiendomme gespekuleer en 'n goeie wins gemaak.

1. L.G. Pine, *The Genealogist's Encyclopaedia* (David & Charles, London, 1969), p 91.

Die uitgerekte dispuut tussen Jan Cruywagen en die bekende Olof Berg word in detail bespreek. Uit Jan se onderonsies met die regstelsel, waarvan daar 'n hele paar was, het dit na vore gekom dat hy nie kon lees en skryf nie. Jan is tussen 1713 en 1720 oorlede en aangesien hy geen testament nagelaat het, moet aanvaar word dat sy seun Meendert alles geërf het.

Van Hoofstuk 4 af word 'n hoofstuk aan elke volgende geslag Cruywagens gewy. Meendert (1661-1728) is dus die sentrale persoon in Hoofstuk 4. Meendert is omtrent twee tot drie jaar na sy aankoms aan die Kaap getroud en die huweliksgebruik wat daardie tyd geheers het, word baie interessant beskryf. In 1695 is Meendert se seun, Jan Mijndertz, gebore. Daar word deurgaans in dokumente na hom as Johannes verwys.

Meendert het sy bestaan gemaak deur huisvesting aan seelui te verskaf, maar het mettertyd ook toegetree tot die Kaapse drankhandel, weer nie sonder 'n regsgeding of twee nie. Die verduideliking van die drankpagstelsel is insiggewend. Hy was ook 'n groot veeboerpionier. Meendert, wat as brandarm jong man in die Kaap aangekom het, was mettertyd heel welvarend. Hy en sy kinders het waarskynlik in die ekonomies goeie kringe van die Kaap en die onmiddellike plattelandse omgewing beweeg.

Die lid van die volgende geslag, Johannes, (1695-1745) was die eerste wat in die Kaap gebore is. Johannes se betrokkenheid by veeboerdery en die lewering van vleis as gekontrakteerde pagter, hou verband met belangrike gebeure aan die Kaap, soos die toestaan van weilsensies. Johannes het 'n aantal belangrike poste aan die Kaap beklee – hy is tot die burgeraad verkies en was ook 'n lid van die weeskamer. Hy was nou gemoeid met bykans elke aspek van die samelewing en die hoofstuk is besonder tekenend van wat in dié tyd aan die Kaap gebeur het. Hy is in 1745 as 'n welvarende man oorlede.

Die volgende twee hoofstukke, 6 en 7, handel onderskeidelik oor Johannes se twee seuns, Jan (1722-1791) en Gerrit (1738-1788). Jan was 'n boer aan wie sy pa, Johannes, al sy plase bemaak het. Hy was ook ouderling van die Kaapse gemeente en het aan die kerk 'n Statebybel geskenk wat tot vandag in die besit van die Groote Kerk in Kaapstad is. Jan het die hele regeertyd van Ryk Tulbagh (1751-1771) en ook 'n pokke-epidemie (1755) oorleef. Jan se broer, Gerhardus Hendrik Cruywagen, alias Gerrit, het reeds op 17-jarige ouderdom 'n kompanjiesamptenaar geword. Gerrit het gesorg dat die Cruywagens vermeerder het – hy en sy vrou het 18 kinders gehad! Die kinders en hulle huweliksmaats word kortliks genoem. 'n Afdruk van die profiel van een van sy dogters, Elizabeth Wilhelmina (wat met dominee H.W. Ballot getroud was), het bewaar gebly.

Aan die einde van die agttiende eeu het daar, saam met die agteruitgang van die mag van die VOC, 'n einde gekom aan prominente Cruywagens oor wie daar, hoewel fragmentaries, tog inligting beskikbaar is.

Die boek is besonder aantreklik gepubliseer en in 'n lettertype gedruk wat maklik lees. Daar is verskeie illustrasies en 'n volledige bronnelys. Laasgenoemde sal ander navorsers wat graag iets soortgelyks oor hulle stamvaders wil skryf, van groot hulp wees.

Boekresensies

Dit is wel jammer dat hierdie proefskrif nie effens verkort is voor dit in die handel beskikbaar gestel is nie. Dit sou dan 'n groter groep lesers bereik het. In die huidige formaat is dit aan te beveel vir alle historici, en veral kultuurhistorici asook genealoë. Die CD-formaat van die boek kan maklik aan belangstellendes in die buiteland gepos word. Vir maklike verwysing sou die genealoog wel 'n geslagsregister van die eerste vier geslagte waardeer het!

Linda Zöllner
Pretoria